Stuur asb <u>SLEGS</u> die <u>getekende</u> laaste bladsy (14) vir ons terug!

Hoërskool Die Wilge (LSOB)

GEDRAGSKODE EN STRAFPROSEDURE

2017 Uitgawe vir Ouers

"die doel van dissipline is om die leerder te lei om uiteindelik, ook in die afwesigheid van die dissiplineerder, selfdissipline te kan handhaaf en betekenisvol te lewe"

&

"die fokus moet nooit val op die straf nie; maar op die gewenste gedrag"

Wanneer u die dokument teken, verklaar u dat u al 14 bladsye asook die strafpuntetoekenning, as wettige en uitvoerbare dokument aanvaar.

Dit bly die ouer/ voog se verantwoordelikheid om te sorg dat die skool ten alle tye oor die korrekte telefoonnommer beskik sodat U bewus kan wees van u kind se gedrag. U sal 'n sms ontvang indien u kind die gedragskode van kategorie B of C oortree.

INHOUDSOPGAWE

INLEIDING..... 3

DOELSTELLINGS..... 3

VISIE, MISSIE..... 4

LEUSE, GESAGSTRUKTUUR, TAAL VAN ONDERRIG..... 5

UITEENSETTING VAN BEVORDERLIKE GEDRAG..... 6

STRAFPROSEDURE ….. ……..... 12

ADDISIONELE STAPPE ……. 13

VERBINTENISVORM (TEKEN ASB,STUUR TERUG)…….. 14

Hersien deur:	Mnr. S. Nocanda (Opvoedkundige Leiding DH)	_____
	Mev. H. van Eeden	_____
Bevestig:	Mnr. Mojapele (BL Voorsitter)	_____
Getuies:	Mnr. A. Rudd (Hoof):	_____
	Mev. R. Clarke (Adjunk-Hoof)	_____
	Mev. L. Joubert (DH)	_____

INLEIDING

Die gereelde hersiening van die gedragskode word in oorleg met die praktyk en alle rolspelers betrokke by die skool gedoen. Volgens Artikel 8 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996, is hierdie Gedragskode dus afdwingbaar.

DOELSTELLINGS VAN DIE GEDRAGSKODE

- Om ‘n gedissiplineerde, ordelike, betekenisvolle en veilige skoolomgewing te handhaaf en sodoende effektiewe en optimale leer te help fassiliteer.

- Om as duidelike riglyn te dien vir wenslike gedrag en moontlike optrede teen ongewenste gedrag.

- Om beginsels van die Konstitusie van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, (onder andere demokrasie, menseregte en deursigtigheid) voor te staan en te bevorder in die skool.

- Om die moets en moenies, die kommunikasie kanale, griefprosedure en die proses van regverdige verhoor uiteen te sit.

- Om groepskohesie, samewerking en trots te bevorder by die skool.

- Om die individu maksimale geleentheid te bied om te ontwikkel.

VISIE

Die Visie van Die Wilge Hoërskool is
om ALLE leerders in die skool
holisties en tot hul optimale potentiaal
te onderrig.

MISSIE

Die missie van Die Wilge is om tot stand te bring:

- Die toepassing en onderrig van Christelike norme en standaarde ten opsigte van godsdienstige diversiteit
- Kwaliteit onderrig deur middel van deurlopende personeelontwikkeling
- Die onderhouding van ‘n ondersteunende vennootskap tussen alle belanghebbendes
- Die skepping en onderhouding van ‘n gedissiplineerde en veilige onderrigsomgewing vir optimale prestasie
- Aktiewe deelname aan buitemuurse aktiwiteite
- Ontwikkeling van potensiële leiers
- Onderhouding en uitbreiding van skooleiendom en bates
- Deursigtige bestuur en professionele verhoudinge met alle rolspelers
- Verantwoordelike bestuur van fisiese en menslike hulpbronne

WAARDES

Die volgende waardes sal die fondasie van Die Wilge Hoërskool vorm:

- Selfdissipline
- Trots
- Lojaliteit
- Respek
- Netheid
- Voorbeeldigheid
- Humiliteit
- Integriteit
- Eerlikheid
- Menslikheid

LEUSE

Die skoolleuse is LOJALITEIT.

Van elkeen word verwag om lojaal te wees aan haarself of homself, die Skepper, die samelewing waarbinne sy of hy funksioneer en die skool.

Die HAT verklaar lojaal as volg: **"Trou teenoor 'n saak of persone waarteenoor 'n mens 'n verbintenis of verpligting het."** Die woord lojalis word as volg verklaar: "Getroue ondersteuner, geesdriftige aanhanger van 'n regering..." (Odendal, F.F. en Gouws, P.H., 2003: 661)

GESAGSTRUKTUUR

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS NOORDWES
↓↓
SKOOLHOOF
↓↓
ADJUNKHOOFDE (2)
↓↓
DEPARTEMENTSHOOFDE (4)
↓↓
POSVLAK 1 ONDERWYSERS

TAAL VAN ONDERRIG

Hoërskool Die Wilge (LSOB) bied alle vakke in Afrikaans of Engels aan. Afrikaans of Engels is ook die tale van kommunikasie vir skoolsake waaronder die handhawing van dissipline resorteer.

UITEENSETTING VAN BEVORDERLIKE GEDRAG

BYWONING:

* Alle leerders moet elke skooldag elke klas bywoon volgens die skoolrooster.
* Alle leerders moet betyds opdaag vir elke klas.
* Indien ‘n leerder ‘n geldige verskoning het vir afwesigheid (bv. siekte), moet die ouers die skool telefonies kontak of ‘n brief na die registerpersoneellid stuur.
* Vir afwesigheid gedurende eksamen of toetsdae of afwesigheid van langer as drie dae word ‘n amptelike dokters/kliniekbrief vereis.
* Indien ‘n leerder afwesig was, moet hy of sy self van die verlore werk uitvind en dit inhaal.
* Indien ‘n leerder meer as 21 dae per kwartaal afwesig is, sonder verskoning, mag hy van die register afgehaal word.
* Geen leerder mag op enige stadium van die skooldag die skoolterrein verlaat of die koshuis besoek sonder die nodige skriftelike toestemming nie.
* ‘n Leerder wat met goeie rede gedurende skoolure die skool moet verlaat, moet die nodige skriftelike versoek van die ouers voor die tyd by die hoof of adjunkhoof inhandig.
* Leerlinge moet betyds wees om soggens in klasverband aan te tree.
* Met wisseling moet leerders direk van een klas na die ander beweeg.
* ‘n Leerder mag nie laat kom vir ‘n klas nie.
* ‘n Leerder mag nie afwesig wees van ‘n klas sonder toestemming van die onderwyser nie.
* ‘n Leerder mag nie op die stoep lawaai tydens klastyd nie.
* Slegs een leerder mag op ‘n keer met ‘n beffie op die stoep wees indien daar ‘n geldige rede is.
* Leerders moet ‘n kwartier voor skool aanvang by die skool wees en ‘n kwartier na die sluiting van die skooldag reeds van die skoolterrein weg wees.
* Leerders moet soggens direk na die draaihek beweeg en met sy/haar duimdruk die perseel betree. Slegs een leerder mag op ‘n slag deur die draaihek beweeg. ‘n Leerder mag slegs een keer per dag deur die draaihek beweeg.

KLASKAMER:

* Leerders moet gehoorsaam wees aan die klasbeleid in elke klas.
* Die leerder se gedrag moet die leerproses vir elke leerder in die klas bevorder.
* Die leerder se gedrag mag nie die leerproses vir enige leerder belemmer nie.
* Leerders moet aandag gee en die onderwyser se billike opdragte gehoorsaam.
* Elke leerder moet klaswerk voltooi na die beste van sy of haar vermoë.
* Leerders moet huiswerk aanteken en stiptelik en volledig voltooi.
* Selfone moet klankloos gestel wees in elke klas. Geen sel/oorfone mag sigbaar wees nie.
* Leerders mag nie op banke, mure, apparaat of skool eiendom skryf of krap nie.
* Leerders wat ingedeel is omdat personeel afwesig is, moet hulself stil besig hou.
* Geen persone mag in die klas wees wat nie volgens klasregisters en skoolreëlings daar hoort nie.
* Leerders moet self die nodige skryfgoed saambring klas toe en self verantwoordelikheid

daarvoor aanvaar.
* Leerders wat enige duur artikels, selfone of geld klas toe bring, moet self verantwoordelikheid daarvoor aanvaar.
* Leerders mag nie eet of drink in die klas nie. Slegs gebottelde water mag gedrink word in die klas.
* Leerders mag nie sonder toestemming rondbeweeg in die klas nie.
* Wanneer ‘n onderwyser nie in die klas is nie, moet elke leerder op sy of haar plek sit en stil aangaan met werk en die klasleier of prefek se billike opdragte gehoorsaam.
* Binne die klas word van leerders verwag om die taal van onderrig te gebruik: (Afr of Eng)

SAAL:
* Stilte moet in die saal gehandhaaf word indien leerders nie met ‘n spesifieke aktiwiteit besig is nie.
* Ordelikheid en stiptelikheid word verwag tydens saalbywoning.
* Leerders tree buite aan in rye volgens klasverband totdat hul versoek word om netjies en onder toesig in te stap.
* Leerders sit regop en mag nie gesels of slaap tydens saalopening nie.
* Selfone moet afgeskakel en gebêre wees. Geen oorfone word toegelaat in die saal nie.
* Die saal word volgemaak met die graad 10 seuns voor en O1 seuns agter en die dogters op stoele agter.

KANTORE:
* Leerders mag nie tydens skoolure (behalwe pouse) die kantoor besoek sonder die teenwoordigheid van ‘n personeellid nie. Die sekuriteitshek mag slegs deur personeel gebruik word .
* Leerders mag nie die kantore as deurgang gebruik nie.
* Leerders mag nie die onderwysers en personeel en volwasse besoekers se kleedkamers gebruik nie.
* Stilte moet in die kantore en naby die kantore gehandhaaf word.

SKOOLTERREIN:
* Elke leerder is mede-verantwoordelik vir die netheid en bewaring van die kleedkamers, stoepe, geboue en terrein.
* Geen vandalisme of intimidasie word op die skoolterrein toegelaat nie.
* Sekere looppaadjies word gebruik om plante en gras mooi te laat groei.
* Leerders mag voor skool en pouses slegs op sekere speelgebiede (blokke) beweeg.
* Leerders mag voor skool en pouses nie in enige lokaal of in die saal of by die fietsloods wees sonder toesig nie.
* Seuns maak gebruik van seunskleedkamers.
* Dogters maak gebruik van dogterskleedkamers.
* Leerders mag nie met motors of motorfietse op die skoolgrond ry sonder vooraf magtiging van die hoof of waarnemende hoof nie.
* Geen voertuie mag sonder magtiging op die op die terrein wees om leerders op of af te laai

nie. Reg van toegang word voorbehou.
* Leerders mag nie gaste op die skoolgronde ontvang sonder vooraf magtiging van die hoof of waarnemende hoof nie.
* Enige besoekers (bv. ouers) moet eers by die kantoor aanmeld.
* Enige besering of gevoel van bedreiging moet dadelik by die personeel op terreindiens aangemeld word.
* Ernstige beserings word dadelik na die kantoor en noodhulppersoneel verwys.
* Leerders moet voor skool en tydens pouses in groepe bly en self sorg dat hul weet waar die terreindienspersoneel en prefekte is, sou enige ongerymdheid plaasvind.
* Wanneer die klok lui aan die einde van pouse moet leerders direk na hul klasse beweeg.
* Geen verkope iewers op die terrein of in klasse sonder spesiale vooraf magtiging van hoof nie. Slegs die snoepie is geregtig op die verkoop van produkte.

<u>BESERINGS EN SIEKTE TYDENS SKOOLURE:</u>
* Ernstige beserings word dadelik na die kantoor en opgeleide noodhulppersoneel verwys.
* Enige besering voor skool of tydens pouse moet dadelik by die personeel op terreindiens aangemeld word.
* Enige besering in klastyd moet dadelik by die betrokke onderwyser of die naaste onderwyser aangemeld word.
* Siekte voor skool of tydens pouse word by die personeel op terreindiens aangemeld.
* Siekte in klastyd word by die betrokke onderwyser of naaste onderwyser aangemeld.
* Ernstige siekte kan na die kantoor of opgeleide noodhulppersoneel verwys word.
* Die skool aanvaar nie verantwoordelikheid vir beserings of toestande wat volg uit die leerder se eie toedoen of versuim om skoolreëls na te kom nie.
* ‘n Beseerde of siek leerder mag slegs deur die ouer self by die skool afgehaal word of met die ouer se toestemming vanaf die skool vervoer word.
* ‘n Leerder wat weens siekte of besering die skoolterrein wil verlaat, moet skriftelike toestemming by die hoof of waarnemende hoof kry.
* ‘n Leerder wat bedreig, in gevaar of geintimideer voel voor skool of pouse moet dit dadelik by die personeel op terreindiens aanmeld.
* ‘n Leerder wat bedreig, in gevaar of geintimideer voel tydens klastyd moet dit dadelik by die betrokke personeellid of die naaste personeellid aanmeld.
* Geen leerder mag ‘n ander leerder of personeellid fisies of emosioneel skade aandoen nie.

<u>SKOOLDRAG:</u>
<u>Somersdrag vir seuns:</u>
* Lang of kort grys broek
* Kortmou wit hemp (of langmou hemp opgerol tot bokant elmboë).
* Geen t-hemp mag deurskyn of uitsteek nie.
* Hemp moet netjies ingesteek wees.
* Grys kouse (met skoolkleurige strepies)..
* Swart skoolskoene (nie met gespes nie)
* Skooldas of eredas met wit hemp indien boonste knoop wel vas is (opsioneel).

* Donkerblou (“navy”) moulose oortrui (opsioneel).
* Geen juwele nie; behalwe vir ‘n horlosie of mediese plaatjie wat allergieë aandui.
* Geen musse of pette nie.
* Geen grimering of naellak nie.
* Oorpakke is volgens die Nywerheidswet verpligtend in die sentrums.
* Geen oorpakke by die skolastiese afdeling nie.
* Provinsiale kleurbaadjies en provinsiale sportbaadjies mag op Maandae gedra word.
* Erekleure mag slegs gedra word volgens verdienste.

Wintersdrag vir seuns:
* Lang grys broek
* Wit hemp
* Geen t-hemp mag deurskyn of uitsteek nie.
* Hemp moet netjies ingesteek wees.
* Grys kouse (met skoolkleurige strepies).
* Swart skoolskoene (nie met gespes nie).
* Donkerblou (“navy”) serpe mag gedra word. Donkerblou musse buite skoolgronde.
* Geen juwele nie; behalwe vir ‘n horlosie of mediese plaatjie wat allergieë aandui.
* Geen grimering of naellak nie.
* Oorpakke is volgens die Nywerheidswet verpligtend in die sentrums.
* Geen oorpakke by die skolastiese afdeling nie.
* Donkerblou (“navy”) skooldas (met skoolkleure).
* Donkerblou (“navy”) trui/ oortrui (met skoolkleure).
* Donkerblou (“navy”) skool sweetpakbaadjie.
* Donkerblou (“navy”) windjakker (“dry mac”).
* Provinsiale kleurbaadjies en provinsiale sportbaadjies mag op Maandae gedra word.
* Erekleure mag slegs gedra word volgens verdienste.

Hare en netheid vir seuns:
* Hare moet kort en netjies wees.
* Hare mag nie aan kraag raak as nek regop nie.
* Hare agter nek mag nie dik wees nie.
* Hare mag nie oor die bo-oor se rand getrek kan word nie.
* Geen haarjel of haarkleursel word toegelaat nie.
* Kuif mag nie oor die wenkbroue getrek kan word nie.
* Geen vreemde haarstyle (bv. “punk”, “steps”, “klossies”, “rasta”, “patrone”) word toegelaat nie.
* Seuns moet ten alle tye glad geskeer wees.
* Hou skoene skoon en blink en klere skoon en vars.
* Alle naels moet kort wees en mag nie wys as vanaf die palmkant bekyk word nie.

Somersdrag vir dogters:
* Donkerblou (“navy”) A-lyn romp (nie korter as 15cm bo knie nie, as op knieë staan)
* Donkerblou (“navy”) skool langbroek.

* ‘n Spesiale geruite hempie wat by die verskaffer te koop is.
* Geen t-hemp mag deurskyn of uitsteek nie.
* Wit sokkies (met skoolkleurige strepies opsioneel) of grys winter skoolkouse.
* Swart skoolskoene.
* Donkerblou (“navy”) moulose oortrui is opsioneel by ingesteekte hemp.
* Skooldas of eredas met wit hemp indien boonste knoop wel vas is.
* Geen hangertjies, armbandjies of tongringe nie. Net een gaatjie per oor mag gebruik word.
* Slegs ‘n horlosie, mediese plaatjie wat allergieë aandui, goue of silwer oorringetjies kleiner as 15mm in deursnee, klein goue of silwer oorknoppies sonder steentjies en/of ‘n seëlringetjie word toegelaat.
* Geen musse of pette nie.
* Geen grimering nie, slegs kleurlose naellak.
* Provinsiale kleurbaadjies en provinsiale sportbaadjies mag op Maandae gedra word.
* Erekleure mag slegs gedra word volgens verdienste.

<u>Wintersdrag vir dogters:</u>
* Donkerblou (“navy”) A-lyn romp (nie korter as 15cm bo knie nie, as op knieë staan) of getailleerde donkerblou (“navy”) skool langbroek
* Wit hemp
* Geen t-hemp mag deurskyn of uitsteek nie.
* Hemp moet netjies ingesteek wees.
* Wit sokkies (met skoolkleurige strepies) by langbroek of swart sykouse by romp, of lang grys skoolkouse by romp.
* Swart skoolskoene.
* Donkerblou (“navy”) serpe mag gedra word.
* Geen hangertjies, armbandjies of tongringe nie. Net een gaatjie per oor mag gebruik word.
* Slegs ‘n horlosie, mediese plaatjie wat allergieë aandui, goue of silwer oorringetjies kleiner as 15mm in deursnee, klein goue of silwer oorknoppies sonder steentjies en/of ‘n seëlringetjie word toegelaat.
* Geen grimering nie, slegs kleurlose naellak.
* Donkerblou (“navy”) skooldas (met skoolkleure).
* Donkerblou (“navy”) trui/ oortrui (met skoolkleure).
* Donkerblou (“navy”) skool sweetpakbaadjie
* Donkerblou (“navy”) windjakker (“dry mac”)
* Provinsiale kleurbaadjies en provinsiale sportbaadjies mag op Maandae gedra word.
* Erekleure mag slegs gedra word volgens verdienste.

<u>Hare en netheid vir dogters:</u>
* Hare (en toepaslike haarstukke) moet een natuurlike kleur hê.
* Indien hare oor die kraag hang moet dit vasgemaak wees.
* Haarrekke, linte of knippies verkieslik donkerblou (“navy”), anders swart of wit, geen groot blomme of strikke nie.
* Geen kraletjies nie

* Hare wat kort geknip is, moet in ‘n netjiese styl wees.
* Geen haarjel of haarkleursel word toegelaat nie.
* Kuif mag nie oor die wekbroue hang nie.
* Hou skoene skoon en blink en klere skoon en vars.

SPORTDRAG:

*Leerlinge is verantwoordelik vir hul eie sportdrag.
*Die voorgeskrewe drag vir LOsport in skooltyd vir seuns en dogters is ‘n langerige donkerblou kortbroek, ‘n voorgeskrewe golfhempie met die skool se kleure of ‘n donkerblou of spierwit t-hemp sonder embleme.

Atletiekdrag/ Landloop

*Donkerblou (“navy”) atletiekbroek vir seuns en dogters
*Atletiekfrokkie in skoolkleure
*Skoolsweetpak indien nodig

Rugby

*Elke span se voorgeskrewe rugbybroek en rugbytrui word deur die afrigter deurgegee.
*’n Skoolsweetpak word gebruik indien nodig.

Netbal

*Elke span se voorgeskrewe netbalromp en beffie en hempie word deur die afrigter deurgegee.
*’n Skoolsweetpak word gebruik indien nodig.

Swem

*Swart swemkostuums
*’n Skoolsweetpak of atletiekdrag bo-oor gedra tussen swemtye.

Krieket

*Wit langmouhemp
*Wit langbroek
*Wit kouse
*Wit seilskoene

Sokker

*Elke span se voorgeskrewe sokkerbroek en sokkertrui word deur die afrigter deurgegee.
*’n Skoolsweetpak word gebruik indien nodig.

DISSIPLINÊRE PROSEDURE:

Stap 1:

- **Die onderwyser probeer deur middel van sy/haar eie klasdissipline, strategieë en aanmaning die saak eers self hanteer.**

Stap 2:

- Indien bg aanmanings geen uitwerking toon nie, word negatiewe punte geskryf tesame met ‘n kort verduideliking van die situasie. Dit word na die SASPAC-Span gestuur om ingelees te word.

Stap 3:

- Elke oortreding val in ‘n spesifieke kategorie en word deur SASPAC sodanig hanteer.
- Een keer per maand word ‘n intervensieweek gehou waarin die leerders wat by die strafmylpaal (-500 punte of ‘n kategorie C oortreding) uitgekom het die gedragskode uitskryf in hulle onderskeie groepe.
- ‘n Kategorie C totaal van -500 kry dan ook tesame met die intervensieweek ‘n onmiddellike dissiplinêre verhoor.

Stap 4:

- Sodra ‘n leerder die TWEEDE intervensieweek moet bywoon (-1000 punte) word ‘n interne verhoor gehou waarby die leerder en al sy onderwysers betrokke is. Dit geld vir beide Kategorie A en B. Kategorie C inskrywings is onmiddellike verhore.
- Dit word op sy profiel aangeteken.
- Die doel van verhoor is om ‘waarskuwend’te wees

Stap 5:

- Sodra ‘n leerder die DERDE intervensieweek moet bywoon (-1500 punte) word ‘n TWEEDE interne verhoor gehou waarby die leerder en al sy onderwysers betrokke is, sowel as die adjunkhoofde indien moontlik. Dit geld vir beide Kategorie A en B. Kategorie C inskrywings is onmiddellike formele dissiplinêre verhore.
- ‘n Toepaslike straf (gemeenskapsdiens) sal opgelê word

Stap 6:

- Sodra ‘n leerder die VIERDE intervensieweek moet bywoon (-2000 punte) word ‘n formele dissiplinere verhoor gehou en mag die leerder vir 5 dae of tot sy ouers die verhoor bywoon “geskors” word.

- Vir elke -500 inkrement daarna word Stap 6 se prosedure herhaal tot die leerder permanent uit die skool gesit mag word.

ADDISIONELE STAPPE

ANDER ROLSPELERS (Gemeenskap / Polisie / Maatskaplike werkers / Kindersorg / ens.)

- Polisie mag dadelik ontbied word in die geval van diefstal of besit van dwelms.
- Individue is geregtig daarop om enige tyd ‘n saak te maak van aanranding indien hul daartoe genoodsaak voel. Leerders moet dus enige aanranding of vorm van bedreiging / viktimisasie by personeel aanmeld en dit moet aan ouers bekend gemaak word.
- Hulp van kinderbeskerming, maatskaplike werkers, kerke, sielkundiges, ens. mag deur dagbestuurslede of graadvoogde ingeroep word in die belang van ‘n leerder.
- In belang van leerders word gemeenskapslede gevra om enige ongerymdhede van leerders wat geklee is in Die Wilge uniform aan te meld by die skool.
- Elke ouer, voog, leerder, onderwyser, dagbestuurslid en beheerliggaamslid moet homself / haarself gedurig op hoogte hou van die inhoud van die gedragskode en strafprosedure.
- Voorstelle vir wysiging moet in September elke jaar ingehandig word by die verantwoordelike adjunkhoof en in die laaste kwartaal tydens ‘n dagbestuurvergadering, personeelvergadering en beheerliggaam vergadering bespreek word.
- **Met die aanvang van elke jaar moet elke ouer of voog en elke leerder, die dokument of ‘n uittreksel daarvan, teken. Die registerpersoneellid moet dit liasseer.**

VERBINTENISVORM:

LEERDER SE NAAM: _____
GRAAD EN KLAS: _____

Bladsy 1-13: Gedragskode en Strafprosedure van Hoërskool Die Wilge (LSOB)

Ek, _____, ouer / voog
van _____ stem hiermee in dat die volle gedragskode en strafprosedure, soos dit uiteengesit is op bladsy 1-13 in die dokument en onderskryf is deur die Beheerliggaamvoorsitter, wettig en uitvoerbaar is in elke opsig wat dit my kind raak.

Verder verstaan ek ook die moontlike gevolge en strafpunte en dissiplinêre verhore wat kan volg op versuim om aan die vereistes van die gedragskode te voldoen.

Ek aanvaar ook dat die dagbestuur die gesag het om my kind te onderwerp tot en met ‘n dissiplinêre verhoor indien hul van mening is dat my kind in enige opsig ‘n bedreiging is vir personeel of leerders by die skool.

Ek aanvaar dat die prosedure van punte en verhore in belang is van elke leerder by Hoërskool Die Wilge (LSOB) om sodoende optimale leer te bevorder.

Ek onderneem om met die skool te kommunikeer indien daar enige geringe of groot sake is wat my bekommer rondom my kind as leerder by Hoërskool Die Wilge (LSOB).

Geteken: _____ op 20____-____-____
Getuie: _____
Telefoonnommer: _____

Die HAT omskryf intervensie as volg: “Handeling van tussenbei kom; ingryping in iets om die verloop of uitslag daarvan te beïnvloed; tussenkoms.” (Odendal, F.F. en Gouws, P.H., 2003: 469)